LUG JOU MENING

Wetsontwerp op Hidrografie [B 17B-2018] (Nasionale Vergadering-artikel 75)

Versoek om skriftelike voorleggings

Die Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie nooi belanghebbendes en belangstellendes uit om skriftelike voorleggings in te dien oor die Wetsontwerp op Hidrografie [B 17B-2018] (Nasionale Vergadering - artikel 75).

Die **Wetsontwerp** op **Hidrografie** het ten doel onder meer om:

• voorsiening te maak vir die stigting van die Hidrografiekantoor;
• voorsiening te maak vir sy doelwitte, funksies en die wyse waarop dit bestuur moet word;
• voorsiening te maak vir die aanstelling en bevoegdhede van die hidrograaf en die personeel in die Hidrografiekantoor;
• die voorlegging van hidrografiese data te reguleer;
• die wyse waarop hidrografiese opname punte en kopieregte beskerm kan word, te reguleer;
• voorsiening te maak vir die beperking van siviele aanspreeklikheid;
• voorsiening te maak vir die wyse waarop die inkomste van die Hidrografiekantoor hanteer moet word;
• voorsiening te maak vir samewerkingsooreenkomste en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Skriftelike voorleggings moet teen **1 Maart 2019** ontvang word.

Versoek om afskrifte van die wetsontwerp, skriftelike voorleggings en navrae moet gerig word aan mnr G Dixon, Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie, 3de Vloer, Kantoor 133, Pleinstraat 90, Kaapstad 8001 of per e-pos aan gdixon@parliament.gov.za gestuur word of gefaks word na 086 658 9371.

Uitgereik deur agb SG Mthimunye, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Sekuriteit en Justisie.